


Dankie, maar nee dankie!



Breyten Breytenbach

sy titel aan die uitspraak van Sartre, 'ons is diere oorval deur katastrofes'.

Soos reeds gesê het Breyten se eerste bundel hom onmiddellik in die kalklig geplaas. Die kritici erken die suiwer wins van sy rewolusionêre vernuwing en ken aan hom die APB Prys toe wat hom die geleentheid sou gee om sy vrou na sy geboorteland te bring en aan sy ouers bekend te stel. Die regering weier egter 'n visum aan Yolande (wat kragtens die destydse landswette as nie-blank geklassifiseer is en by implikasie dus hulle huwelik onwettig maak). Vir Breyten is dit 'n geweldig ontstellende en ontugterende gebeurtenis wat noodwendig lei tot ballingskap en die radikaliserings van sy politieke denke.

Die visumweiering aan Yolande gee aanleiding tot 'n heftige debat oor apartheid, Afrikanerskap en die rol van die Afrikaanse skrywer. In 'n ope brief aan **Die Burger** verklaar Breytenbach dat, as apartheid verteenwoordigend is van die Afrikanerdom, hy geen toekoms vir die Afrikaner in Suid-Afrika sien nie, in reaksie waarop hy gebrandmerk word as 'n volksverraaier.

In die tien jaar na die visumdebakel ontwikkel Breytenbach tot welsprekende uitdager van die apartheidstaat en tot grondlegger van 'n kontesterende kunsopvatting. Hy haal hom die gramskap van die pers, die publiek en selfs sy medeskrywers op die hals met openbare uitsprake in die pers en tydens sy eerste openbare optrede in 1973 by die Sestigsterskool van die Universiteit van Kaapstad. Hy distansieer hom van die politieke konnotasies wat aan die begrip 'Afrikaner' kleef, identifiseer radikaal met Afrika en pleit vir die ontwikkeling van 'n omvattende Suid-Afrikaanse kulturele identiteit. Hy loof Afrikaans as 'n basterstaal en pleit dat dit bevry word van die boei van 'Aparthaans' sodat dit waarlik een van die tale van Afrika word. Hy vereenselwig hom met die ANC-in-ballingskap se bevrydingstryd.

Reeds in die laat sestigerjare voel Breytenbach dat verset in die gedaante van poësie 'n obsene intellektuele uitdaging' is -

INA HENNING

Gouritsmond Leeskring

Breytenbach is op 16 September 1939 op Bonnievale in die Suid-Kaap gebore. Sy kinder- en jeugjare staan in die teken van armoede en plattelandse waardes. Later word die herinneringe aan hierdie paradys van weleer, aan sy ouers en die rapsodiese landskappe van sy jeug die bronwel van sy kreatiwiteit.

Hy voltooi sy skoolloopbaan op Wellington en skryf hom in aan die Michaelis Kunsskool in Kaapstad waar hy vriendskappe sluit met andersdenkende jongmense en vir die eerste keer kennis maak met liberale en swart politiek. Die roepstem van die vreemde was egter sterker as sy nuutgevonde politieke bewussyn en in Januarie 1960 vertrek hy op 'n Portugese vragskip na Europa.

Na 'n swerwersbestaan van 'n paar jaar vestig hy hom in Parys waar hy in 1962 trou met Ngo Huang Liên Yolande Bubi, die pragtige negentienjarige dogter van 'n Viëtnamese weduwee wat na die Tweede Wêreldoorlog haar kinders in hierdie stad kom grootmaak. Breyten se huwelik met sy 'goue lotus' sou daarna openbare besit word en politieke dimensies aanneem.

In 1964 maak hy sy debuut met 'n digbundel, **Die ysterkoei moet sweet**, en 'n versameling kort tekste, **Katastrofes**, wat hom onmiddellik in die kalklig plaas. (Terloops, die eerste titel is afgelei van die Zenspreuk 'Om die groot Niet te vertrap sal die ysterkoei moet sweet'.) **Katastrofes** is, net soos sy poësie, 'n vergestaltung van Zen Boeddhisme. Laasgenoemde werk ontleen

INHOUD / CONTENTS

Dankie, maar nee dankie! Breyten Breytenbach

Ina Henning vertel meer oor hierdie omstrede skrywer 18

Lady one

'n Leeskringbespreking gelei deur Ina Henning 19

It's a funny world - Humorous travel books

Margaret Iskandar provides a selection of humorous travelogues 20

Some recent historical fiction -

Booklist

A booklist by Book Selector Margaret Iskandar 22

daar kom 'n tyd dat 'n skrywer daadwerklik moet optree. Hy word lid van ondergrondse organisasies soos Atlas en Okela om die Suid-Afrikaanse regering tot 'n val te bring. In Julie 1975 kom hy die land met 'n vals paspoort binne, word kort daarna in hegtenis geneem en summier, kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommuniste, verhoor. Met die lokaas van 'n ligte vonnis word hy omgehaal om nie die hofsaal as 'n politieke verhoog te gebruik nie. Die staat verbreek egter sy onderneming en hy word gevonnissen tot nege jaar gevangenisstraf waarvan hy die eerste twee jaar in eensame aanhouding deurbring.

Alhoewel die eerste van die twee Breytenbach verhore oënskynlik 'n propaganda-oorwinning vir die apartheidstaat was, het sy verhore en die reaksie daarop 'n sleutelrol gespeel in die volkskrisis en die kultuurkrisis van die traumatiese tydperk 1974-1978 (met as brandende middelpunt die Soweto opstande van 1976 waarby juis die haat teen Afrikaans die lont in die kruitvat was).

Na sy terugkeer na Frankryk het sommige gehoop dat hy sy ekstremisme sou laat vaar en die saak van die Afrikaanse taal en letterkunde sou dien. Die teendeel het egter gebeur. Sy wreuel en verbittering was té diep gewortel. Na die uitstappery tydens die opvoering van sy verhoogstuk by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) verskyn die volgende in **Die Burger** van 20 April 2001: 'Die digter en dramaturg, Breytenbach, sê hy wil onder geen omstandighede as lid van die Afrikaner volk gereken word nie, selfs al sou hy genooi word...' Dit volg op die kommer van die filosoof, Johan Rossouw, dat die afwysende reaksie op Breyten se jongste toneelstuk die Afrikaners van hom kan vervreem. Op **Die Burger** se tuisblad is toe gevra of Afrikaners Breytenbach moet aanvaar of vervreem. Sowat 80% van die respondente was ten gunste van

vervreemding. Breyten het hierop 'n brief in Engels aan **Die Burger** gerig: 'Aangesien die vraag my in 'n mate aangaan sal ek u en u lesers wou gerusstel. Onder geen omstandighede is ek lid van u volk of sou ek dit ooit wou wees nie. Ek vra om verskoning as die verkeerde indruk geskep is. Indien die bevinding is dat ek tot die volk behoort verwelkom te word, kan ek net (beleef) sê "dankie, maar nee dankie".'

By 'n ander geleentheid in reaksie op die volgende vraag: 'Dit moet seker vreemd voel om saam met Afrikaanspraters om 'n tafel te sit wat jou skaars tien jaar gelede 'n ondermyner, 'n verloopte en 'n gevaarlike bliksem genoem het', het die volgende antwoord gekom: '...ken jy mense wat meer skynheilig (en skelm) as die Suid-Afrikaners in die algemeen en die Afferkaners in die besonder is? Eintlik het ek maar min in gemeen met die meeste Afrikaners behalwe die dwarstrekkerigheid, selfs nie eers die rugby en die bier nie en nog minder hulle God...ek glo nie ek sal ooit tot 'n vergelyk kan kom met die manne met die varkharings nie. Ek gril nou nog by die gedagte om aan die hand van 'n Nasionalis te vat.'

wissel van die liriese en die speelse tot by die aangrypende en die ontstellende. As voorbeeld van die speelse sou 'n mens seker *iets om aan te peusel in my igloo* (p. 17) kon kies, terwyl *slaap klein beminde* (p. 26), *by biege 'n vrou* (p. 51) en *absoluut en blink* (p. 58) 'n paar voorbeelde van die liriese is.

Volgens Henning Snyman in **Rapport** van 28 Mei 2000 is **Lady one** 'n Mooi boek as boek en 'n sensitiewe weergawe van die liefde as poëtiese objek. In hulle nuwe geselskap kry die gedigte ook ander nuanses. As 'n mens 'n motto sou moes gee om die tematiese gang van die bundel saam te vat, is die slotstrofe van een van die nuwe gedigte, *San Jaume*, (p. 179) baie gepas. *Maar vannag, skaars nog vlees, / byna reeds vlerk van herinnering / dans ons onder die knettering van 'n oneindigheid / eers nog 'n keer vir oulaas / al die hartseer uit die lyf.*

Hierdie aanhaling vat belangrike tendense van Breytenbach se poësie saam; die liefde as metafoer vir die tydelikheid enersyds, maar andersyds die konkretisering van die ewigheid; die liefde as die bevryding van die hartseer en die liefde wat as die digtema die mees sensitiewe en